

BENODIGDHEDE: Ongeveer 100 g wit Omega nr. 8-hekelgare, staalhekelpen van 1,25 mm.

MATE: Ongeveer 47 x 39 cm.

SPANNING: 20 ste en 24 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: gs – glipsteek; ks – kettlingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; viersl – vierslagsteek; sp(s) – spatie(s); st(e) – steek(steke); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende.

Spasie: 1lb om te begin; * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; * 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb om bl te voltooi in vlg st.

AANWYSINGS: Elke rand van hierdie lappie bestaan uit vyf skulpe. Elke skulp van die onderste rand moet afsonderlik begin word.

Hekel die eerste 5 rye van regteronderste skulp, (begin soos uiteengesit vir linkeronderste skulp, hieronder) knip gare af en laat eenkant.

Herhaal met tweede skulp.

Hekel dan die 4 rye van middelste skulp, knip gare af; daarna die 5 rye van vierde skulp, d.w.s., dié links van middel en knip gare af.

Hekel nou die eerste 5 rye van linkeronderste skulp; begin met 44 ks, draai.

1e ry: 1lb in 8e ks vanaf hekelpen, * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st * tot einde van ry – 13 sps.

2e ry: (Vermeer aan beg van ry): 7ks, 1lb in laaste gehekelde lb; 5blks, 3sps, 5blks, 2ks, 1 viersl in dieselfde st as laaste lb; (2lb in vlg sp, 1lb in vlg lb) 5 keer, (2ks, slaan 1 sp oor en hekel 1lb in vlg st) 3 keer; (2lb in sp, 1lb in vlg lb) 5 keer; maar plaas laaste lb in 3e van 7ks; 2ks, 1 viersl in dieselfde plek as pas gemaakte lb, 2ks, 1 viersl in 2e lus van vorige viersl (2sps is dus aan einde van ry vermeer), draai.

Volg nou diagram noukeurig en moenie die gare aan einde van 5e ry afknip nie, draai.

Vermeer 1 sp en hekel elke skulp vas soos op diagram aangedui word.


Hekel tot borand bereik word, en voltooi elke skulp weer afsonderlik.

Knip gare af en werk netjies af. ●

SLEUTEL TOT DIAGRAM

- ☐ – spasie
- ☒ – blokkie

DIAGRAM VIR ROSEVIERKANT



'N ROSEVIERKANT

